

"We had to fight for changes," he said, "and had to threaten to break away from the SA Amateur Athletics Union. At long last we have a situation where we can further our own ideas."

SARRA supported the sports moratorium and believed that the tax rebates companies received for supporting international tours could be better spent in South Africa. Winn said SARRA hoped to establish an All Africa Road Running Association – a goal they believed was of "paramount importance".

NEWLY elected executive member of the SA Rugby Board Arrie Oberholzer appealed for an acceptance of both the SARB's bona fides and its shortcomings. He said that if other groups were willing, the SARB would happily offer to disband and form a new board.

"We must stop looking at inconsequential barriers and do what we have to do. I don't think we have a moment to lose. Please accept that we have the best intentions in the world, but also accept that we have an obligation to our players and supporters," he added.

Oberholzer said the problem with the SARB was that it had taken them since 1977 to get where they were and they were still a long way from where they should be.

In the concluding address, former Springbok rugby captain Tommy Bedford said the difficulties being experienced by sports people and administrators arose simply because they lived in South Africa.

"This debate today is illustrative of the dilemma apartheid has brought upon us," he said. "The mere fact that not everyone is here is because of this bloody thing called apartheid."

"One could cry, listening to the questions I've heard today. Sport is about winning, about competition, about outwitting the opposition. We've had no winners – not today at this conference and not since 1910 – every single one of us has been a loser."

Bedford said the ultimate goal of sport was to compete at the top levels – at Lords, Twickenham or the Olympics – which had been denied to all South Africans. He said only by examining the history of sport in South Africa would people be able to go forward.

"I believe one of our difficulties has been that we have not created black heroes in South African sport. Sport is not about officials but about participants, about players, about youngsters. In South Africa 60 per cent of the population is under 18."

Bedford told of his experiences in trying to get rugby started in Umlazi and the total lack of support offered by the Natal Rugby Union for the project.

"If the heart of the matter was addressed we could have moved light years ahead; we've kept the international thing going because that is what the white community wants. We won't catch up as long as the black community feels hard done by."

Venturing the opinion that those who had boycotted the conference were the poorer for not having attended, Bedford said that ultimately it was not through meetings that things would change. Rather it was through friendships and trust that South African sport would get anywhere.

Sue Valentine is Publications Assistant with Idasa.

PERS

Wie is 'n Afrikaner?

Deur At van Wyk

GESOEK: 'n Afrikaner. Drie eue lank is hy al soek, want die naamdraer wil hom nie laat uitken nie. Hy is wit, maar ook bruin en swart, en hy praat Hollands/Afrikaans, maar ook Engels en enige van die swart tale. Wie is 'n Afrikaner?

Kyk éers na die variasies van die naam in die geskiedenis: *Afrikaander*, *Afrikaander*, *Afrikaander*, *Africander*, *Afrikaner*, *Afrikaan*, *Africaander*, *Africane*, *Africanda*. En wéét dat dit óók staan vir 'n soort skaap, bees, geweer en blom, en vroeg aangeneem is as van deur 'n groep gekleurders onder leierskap van Jager Afrikaner.

In September 1683 skryf Olof Bergh oor 'n binnelandse ekspedisie: "Spanden de beesten daar uyt en stuerden 2 man van ons blancken uijt met twee Afrikaenders."

Dit is duidelik dat *Afrikaenders* (met sy wisselspelling) hier gebruik word vir inheemse swartes.

In 1707 mor die koloniste rondom Stellenbosch teen die Hollandse bewind en goeweneur Adriaan van der Stel. Toe die jong witman Hendrik Bibault en ander na Van der Stel se ontslag uit pure vreugde Stellenbosch op horings neem en die landdros hulle met die rottang bykom, roep Bibault uit, "Ik wil niet loopen, 'k ben een *Africaander*."

Daarmee gee hy te kenne dat hy 'n boorling van die Kaap is – 'n *Africaander*, nie 'n Hollander nie. En dit was destyds 'n gangbare betekenis van die woord: 'n witmens wat aan die Kaap gebore is en van Hollandse, Duitse of Franse afkoms kon wees.

Daarnaas, grootliks met dieselfde betekenis, is *Afrikaan* gebruik, of *African* op Engels. Só staan dit in geskryfte sedert die begin van die 18e eeu. Die Voortrekkers het na hulleself verwys as *Afrikaanders*, maar ook as *Emigrant*, volk en *Afrikanen*.

Die verskillende variante was tot in die tweede helfte van die 18e eeu sonder 'n eksklusiewe betekenis of sterk gevoelswaarde, want dit was ook van toepassing op Kaapse gekleurdes, insluitend slawe, en later Engelse.

Om te onderskei kom Dutch *Afrikaander* en English *Afrikaander* in omloop, en word *Afrikaander* soms vir Brits- en dan weer Hollandsegebore Suid-Afrikaners toegeëien. Laasgenoemde maak in toenemende mate aanspraak daarop en stig in 1875 die Genootskap van Regte Afrikaanders – om te "onderskei . . . tussen Afrikaners met Engelse, Hollandse en Afrikaanse harte", met laasgenoemde groep die *Regte Afrikaanders* (Afrikaanse Kultuur Almanak).

Dit kry stukrag met die stigting van die Afrikaner Bond in 1879 en die gevoelsopbruising na die Eerste Vryheidsoorlog van 1881. So kom dit dat *Afrikaander/Afrikaner* in die tagtigerjare staan vir 'n politieke ideologie, met die kreet "Afrika vir die Afrikaanders" – dus Hollandsegeborenes. Dit is steeds nie eksklusief nie, want vóór en ná die eeuwending word dit ook op Engelse van toepassing gemaak, en in geringer mate op Kaapse gekleurdes.

Vóór die Tweede Vryheidsoorlog sê generaal JBM Hertzog dat Afrikaner Hol-

landse- en Engelssprekendes insluit wat hul belange met Suid-Afrika verbind. Dis in 1899 ook die standpunt van Ons Land en later van Di Patriot (JC Steyn, *Trouwe Afrikaners*.)

James Molteno skryf dat hy op 4 Oktober 1899 die woord *Afrikaanderdom* in sy breë wit betekenis die eerste keer uit die mond van die imperialis Alfred Milner gehoor het. In 1906 kies AR Colquhoun *Africander* met opset in sy *The Africander Land*, omdat dit vir hom albei wit taalgroepe insluit. In 1910 gebruik Abraham Fischer dit ook só, en in dié jaar verwys 'n briëfskrywer in *The Natal Mercury* (3 Mei 1910) na *British African-derism*.

Maar toe Hertzog hom in 1912 teen "vreemde fortuinzoekers" uitspreek en sê die Afrikaner is baas en sal baas bly, bars 'n bom. Hoe hy ook al verduidelik het dat hy met *Afrikaner* Hollands en Engelssprekende bedoel wat Suid-Afrika eerste stel, is hy nie geglo nie.

Midde-in die krisis skryf generaal Louis Botha daarvoor aan president MT Steyn en verwys na Engelse *Afrikaners* en Hollandse *Afrikaners*, terwyl De Volkstem (3 Des 1912) die Engelse Ralph Tatham "'n gebore Afrikaner" noem en terme gebruik soos *de Hollandse Afrikaner* en *de Engelse Afrikaner*.

Dit klink na baie lawaai en min wol, maar destyds was die betekenis wat geheg is aan Hertzog se gebruik van *Afrikaner* as "baas" van die land naas "de vreemde – voornamelik Engelssprekende fortuinzoekers", 'n gewigtige saak wat as hefboom gebruik is om hom in 1912 uit die kabinet te lig.

Vir Hertzog en ander het die benaming *Afrikaner* sy betekenis as Suid-Afrikaner behou, maar met die ontwaking van Afrikaner-nasionalisme sedert 1912, en veral ná 1934, het dit die eng betekenis verkry wat dit vandag nog plek-plek het: 'n wit Afrikaanssprekende Christen-kerkklidmaat van die "volk".

Enkeles het nie die eng betekenis van *Afrikaner* aanvaar nie. In 1960 pleit NP van Wyk Louw om die voortbestaan van "my volk, blank en bruin, en die taal wat ons praat". In 1921 het Hertzog al die swart vakbondleier Clements Kadalie gevra om vertroue "between the white and black *Afrikaander*".

NOU sê die ANC in die jongste tyd *African* beteken vir hom nie net swart nie, maar almal wat saamstrewende om 'n toekomstige Suid-Afrika. Dalk is dit sommermaar woorde, maar as die strewende sou eindig in 'n eenheidstaat met vryheid vir almal, sal *Afrikaner* of *Afrikaan* as gemeenskaplike noemnaam sekerlik van pas wees. Dan het die naam 'n volle sirkelgang geloop sedert 1683.

Tot dan bly die vraag wat ook die einde vorm van MDW Jeffreys se grondige artikel in *Africana Notes & News*, Sept 1971, 19/7, waarvan grootliks in hierdie artikel gebruik gemaak is:

Wie is 'n Afrikaner?

(Met erkenning aan Rapport)